**H/S MONTAGU** POSBUS 85 MONTAGU 6720 TEL: 023-6141390
EPOS: mhsadmin@barvallei.co.za WEB: www.hsmontagu.com

# BELEID: GEDRAGSKODE VAN LEERDERS

Voorsteller: ....M. Dettbarn....
Sekondant: ....P. Strydom.........

**Hierdie beleid is eenparig goedgekeur deur die lede van die Beheerliggaam teenwoordig op 05/08/2024 en lede teenwoordig parafeer elke bladsy (lede afwesig word so aangedui):**

| | |
|---|---|
| Mev. M. Dettbarn (voorsitster) | ............ |
| Mnr. P. Olivier (Ondervoorsitter) | ............ |
| Me. E. Roos (Tesourier) | ............ |
| Mev. J. Beukes (Sekretaresse) | ............ |
| Mnr. J. Benadie (Skoolhoof) | ............ |
| Mev. L. Ferreira (Opvoeder lid) | ............ |
| Mnr. H. Gous (Ouerlid) | ............ |
| Mnr. N. Joubert (Ouerlid) | ............ |
| Mnr. C. Hanekom (Ouerlid) | ............ |
| Mnr. P. Strydom (Ouerlid) | ............ |
| Mev. L. Lewis (Nie-opvoeder lid) | ............ |
| Leerderlid 1: Franco Stemmet | ............ |
| Leerderlid 2: Nina Beukes | ............ |

HOËRSKOOL HIGH SCHOOL
05 AUG 2024
SKOOLSTEMPEL
MONTAGU

# GEDRAGSKODE VAN LEERDERS VAN H/S MONTAGU

## Inhoudsopgawe

1. AANHEF ........ 3
2. DOELSTELLINGS ........ 3
3. WAARDES, VISIE EN MISSIE ........ 3
  3.1. ONS WAARDES ........ 3
  3.2. VISIE ........ 3
  3.3. MISSIE ........ 4
4. Skooldrag en Voorkoms ........ 4
  4.1. Seuns ........ 4
  4.2. Meisies ........ 4
  4.3. Algemeen: Skooldrag en Voorkoms ........ 4
  4.4. Skoolfunksies en Sportbyeenkomste ........ 5
5. Sportdrag ........ 5
  5.1. Atletiek ........ 5
  5.2. Tennis ........ 5
  5.3. Krieket ........ 5
  5.4. Rugby ........ 6
  5.5. Netbal en Hokkie ........ 6
  5.6. Liggaamlike Opvoeding ........ 6
6. Juweliersware ........ 6
7. Grimering ........ 6
8. Naels ........ 6
9. Hare ........ 6
  9.1. Seuns ........ 6
  9.2. Meisies ........ 6
10. Algemene Skoolreëlings ........ 7
  10.1. Aantree en beweging in gange ........ 7
  10.2. Afwesigheid / Siekte ........ 7
  10.3. Klaskamerdissipline ........ 8
  10.4. Voorbereiding en tuiswerk ........ 8

10.5. Gedragskode Algemeen ..... 9
11. Dissiplinêre Stelsel ..... 11
11.1. Vlak 1: Wangedrag binne die klaskamer ..... 11
11.1.1. Hantering van Vlak 1-oortredings (word deur vakonderwyser hanteer) ..... 11
11.2. Vlak 2: Oortreding van skoolreëls ..... 11
11.2.1. Hantering van Vlak 2-oortredings ..... 12
11.3. Vlak 3: Oortreding van Skoolreëls ..... 12
11.3.1. Hantering van Vlak 3-oortredings (word deur die Skoolbestuurspan hanteer) ..... 12
11.4. Vlak 4: Oortreding van Skoolreëls ..... 12
11.4.1. Hantering van vlak 4-oortredings ..... 12
11.5. Vlak 5: Kriminele oortredings ..... 13
11.5.1. Hantering van vlak 5-oortredings ..... 13
12. SLOTOPMERKING ..... 13
Aanvaarding Van Gedragskode Vir Leerders Van HOËRSKOOL MONTAGU ..... 14

## 1. AANHEF

'n Gedragskode is nodig om ons waardes, visie en missie te laat realiseer en die opvoedkundige doelstellings van die skool te bereik. Orde, dissipline en respek vorm die grondslag vir sukses en 'n gelukkige skoolgemeenskap. Hierdie gedragskode moet stiptelik deur elke ingeskrewe leerling van ons skool nagekom word. Verontagsaming van enige deel hiervan stel die leerling bloot aan straf- en korrektiewe maatreëls soos vervat in die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en deur die skoolhoof toegepas. Hierdie gedragskode erken die Onderwyswette en die Grondwet van Suid-Afrika en die regte daarin vervat.

## 2. DOELSTELLINGS

2.1. Om aan elke leerling die geleentheid te gee om binne 'n waardegedrewe omgewing sy/haar vermoëns en talente optimaal te verwesenlik.

2.2. Die handhawing van 'n veilige omgewing waar elke leerling maksimaal voorberei kan word vir die volwasse lewe.

2.3. Die skepping van 'n gedissiplineerde leerkultuur.

2.4. Nie om in boeie te slaan nie, maar juis om vryheid te bied binne die wete van wat ek mag en die wete dat ek beskerm word.

## 3. WAARDES, VISIE EN MISSIE

### 3.1. ONS WAARDES

3.1.1. Ons dien ons taal, ons nasie en ons land

3.1.2. Ons dien ons gemeenskap en medemens

3.1.3. Ons gehoorsaam en respekteer ons ouers, voogde en meerderes

3.1.4. Ons stry 'n stryd vir die behoud van die goeie

3.1.5. en streef die ontwikkeling van 'n waardegedrewe karakter na

3.1.6. Ons woord is ons eer

3.1.7. Ons dien ons skool en streef daarna om sy goeie naam uit te bou

3.1.8. Ons streef daarna om eerlik, opreg, getrou en vriendelik te wees

3.1.9. Ons jaag wysheid en kennis na

3.1.10. Ons glo dat ons deur mekaar te respekteer en die kwaad te vermy, die beginsel van wysheid is

3.1.11. Ons eerbiedig die leuse van ons skool.

### 3.2. VISIE

'n Skoolomgewing waarin die potensiaal van almal op akademiese-, kulturele- en sportgebied optimaal verwesenlik kan word en leerlinge in hul totaliteit kan ontwikkel.

3.3. **MISSIE**

Die missie van die Hoërskool Montagu is om elke leerling deur goeie, gebalanseerde, opvoedende onderwys op doelgerigte en planmatige wyse met behulp van Afrikaans as voertaal te begelei tot volwassenheid, sodat hy/sy eendag sy/haar plek in die naskoolse lewe op 'n verantwoordelike wyse kan inneem.

**4. Skooldrag en Voorkoms**

Volledige skooldrag soos voorgeskryf word te alle tye gedra. Dit moet netjies en skoon wees en die leerling goed pas – nie te groot of te klein wees nie. Wanneer leerlinge na skoolure in die openbaar verskyn en hulle is in skooldrag geklee, geld die normale skoolreëls. Geen afwyking van die skooldrag en voorkomsreëls word toegelaat, sonder die geskrewe toestemming van die skoolhoof of sy gemagtigde nie. Waar nodig sal 'n mediese sertifikaat as bewys vereis word, voordat 'n afwyking gemagtig kan word.

4.1. **Seuns**

- 4.1.1. Wit hemp: met das en stywe kraag vir wintersdrag, netjies ingesteek
- 4.1.2. Grys skoolbroek: Langbroek of kortbroek, met grys of swart gordel, geen nousluitende pype nie
- 4.1.3. Swart skooltrui: V-nek, langmou of mouloos (sonder knope)
- 4.1.4. Grys skoolkouse: Langkouse saam met kortbroek.
- 4.1.5. Swart skoolbaadjie met skoolwapen (winter)
- 4.1.6. Swart skoolskoene met veters

4.2. **Meisies**

- 4.2.1. Wit hemp: met das en stywe kraag vir wintersdrag, netjies ingesteek
- 4.2.2. Groen skoolromp: die skoolromp moet goed pas en die minimum lengte is vyf sentimeter bo die bokant van die knie, maar die meisie se liggaamsbou en lengte word in ag geneem; indien die baadjie langer as die romp is, moet skriftelik toestemming verkry word
- 4.2.3. Swart skooltrui: V-nek, langmou of mouloos (sonder knope)
- 4.2.4. Swart skoolbaadjie met skoolwapen (winter)
- 4.2.5. Kouse: kort wit sokkies wat omgevou is tot net bo die enkel in somer, swart sykouse in winter. Grys sokkies saam met langbroek.
- 4.2.6. Swart skoolskoene
- 4.2.7. Grys langbroek: as wintersdrag en somersdrag in die plek van skoolromp, buiten tydens die prysuitdeling.

4.3. **Algemeen: Skooldrag en Voorkoms**

- 4.3.1. Slegs die amptelike lapelwapens van die skool waarop 'n leerder geregtig is, mag saam met skooldrag gedra word bv. Bestuurskomitee, Raad van Leerders, Klasleiers, VCSV, Biblioteekprefekte – 'n maksimum van een per aktiwiteit.

4.3.2. Langmoutrui se moue mag nie opgetrek word nie. Indien 'n langmou- en kortmoutrui saam aangetrek word, moet die langmoutrui bo-oor die kortmoutrui gedra word.

4.3.3. Geen gekleurde truie, T-hemde of gekleurde onderklere mag onder wit hemde gedra word en mag nie deurskyn of sigbaar wees nie.

4.3.4. Wanneer hempsmoue opgerol word, moet dit tot net bo die elmboog wees. Slegs die boonste knoop by die kraag mag los wees (in die somer).

4.3.5. Wanneer skooldrag of voorkoms nie volgens voorskrif is nie, moet dit dadelik by die skoolhoof of gedelegeerde aangemeld word. Indien die skoolhoof bevind dat die afwyking met opset is, kan hy vereis dat die afwyking dadelik reggestel word.

4.3.6. Slegs swart of goedgekeurde serpe en swart handskoene mag gedra word as deel van die wintersdrag. Reënjasse of -baadjies mag bo-oor die skooldrag gedra word as dit reën tydens beweging tussen ouerhuise en die skool. Geen sweetpakbaadjies, reënjasse of skoolpette mag in die skoolgebou gedra word nie.

4.3.7. Tydens siviedae mag leerders gewone klere aantrek, maar streng volgens die voorskrifte vir siviedae.

4.4. **Skoolfunksies en Sportbyeenkomste**

Alle leerders dra volle wintersdrag na die jaarlikse prysuitdelingsfunksie. Slegs die voorgeskrewe sportdrag mag tydens byeenkomste en kompetisies gedra word. Volle wintersdrag of volle skoolsweetpak word op Saterdae deur deelnemers en toeskouers gedra, tydens die wintersportprogram. (Volgens reëlings van die Skoolbestuurspan).

## 5. Sportdrag

Geen leerder sal toegelaat word om die skool te verteenwoordig in sportdrag, anders as die voorgeskrewe drag nie. Die skool behou hom die reg voor om 'n leerder wat nie ten volle in die voorgeskrewe drag geklee is nie, deelname te weier. Slegs die voorgeskrewe skoolpet mag saam met sportdrag gedra word. Die skoene moet gepas wees vir die betrokke sportsoort. Die sportdrag moet toepaslik, sinlik en aanvaarbaar wees vir die betrokke sportsoort. Slegs die voorgeskrewe sportsak mag tydens wedstrydverpligtinge gebruik word.

5.1. **Atletiek**

5.1.1. Voorgeskrewe sporthemp met skoolwapen/atletiekfrokkie en swart kortbroek

5.1.2. Skoolsweetpak en hardloopskoene

*5.1.3.* Wanneer die skool verteenwoordig word: Skool atletiekfrokkie en skool atletiekbroekie.

5.2. **Tennis**

5.2.1. Wit sporthemp met skoolwapen en swart kortbroek (seuns) en 'n sportromp (dogters)

5.3. **Krieket**

5.3.1. Wit sporthemp met skoolwapen en swart sweetpakbroek

5.4. **Rugby**

5.4.1. Skoolrugbytrui, swart rugbybroek en skoolrugbykouse

5.5. **Netbal en Hokkie**

5.5.1. Sporthemp met skoolwapen en skoolsportromp

5.6. **Liggaamlike Opvoeding**

5.6.1. Voorgeskrewe drag soos vir atletiek

## 6. Juweliersware

Leerlinge mag geen juweliersware buiten 'n gewone/tradisionele horlosie (met 'n bandjie wat gepas is saam met die skooldrag) dra nie. Kettinkies met mediese voorskrifte word toegelaat. Slegs dogters wat gaatjies in die ore het, mag EEN dun goue of silwer ringetjie met 'n maksimum deursnit van 1,5 cm in elke oor dra, of 'n knoppie (wit pêrel is toelaatbaar) met 'n maksimum deursnit van 5 mm in elke oor. Geen oorbelle met gekleurde steentjies is toelaatbaar nie. Indien meer as een gaatjie per oor, moet dit in dieselfde hoogte gaatjie in die **oorlel** van beide ore gedra word.

## 7. Grimering

Geen grimering word toegelaat nie

## 8. Naels

Naels moet kort, netjies en skoon wees. Slegs kleurlose naellak mag gebruik word.

## 9. Hare

9.1. **Seuns**

9.1.1. Hare moet te alle tye netjies en kort wees. Geen snaakse style volgens modegiere of patrone word toegelaat nie. Wanneer die hare afgekam word:

9.1.2. mag dit nie oor die ore hang nie

9.1.3. mag die kuif nie nader as 'n vingerbreedte vanaf die wenkbroue hang nie

9.1.4. mag die hare nie agter aan die hemp se kraag raak nie

9.1.5. wangbaarde mag nie laer as die oorgat gedra word nie en moet kort gesny wees

9.1.6. jel, haarsproei of enige kunsmatige middel in die hare, is onaanvaarbaar

9.1.7. hare moet skoon en netjies vertoon en mag nie aanmekaar kleef nie

9.1.8. seuns se snor en baard moet te alle tye glad geskeer wees

9.1.9. geen veranderinge aan wenkbroue mag aangebring word nie

9.1.10. die natuurlike kleur van die hare mag nie opsigtelik verander word nie

9.1.11. die verhouding tussen lang en kort hare moet nie duidelik sigbaar wees nie

9.2. **Meisies**

9.2.1. Langer hare wat in die gesig hang of aan die onderkant van die hempskraag raak, moet vasgemaak word. 'n Swart, bruin of wit effe kleur "alice band"/haarband of swart, donkergroen, wit of rooi effe kleur rek/lint mag gedra

word om hare vas te maak en uit die gesig te hou. Dieselfde kleur rek/ lint moet in die hare gedra word, indien meer as een benodig word.

9.2.2. Die hare moet skoon en netjies vertoon:

9.2.2.1. die natuurlike kleur van die hare mag nie opsigtelik verander word nie en sluit sonstrepe wat natuurlik vertoon in

9.2.2.2. geen kunsmatige of onnatuurlike haarstyle of hare wat deur spuitmiddels of jel in posisie gehou word, is aanvaarbaar nie

9.2.2.3. standaard grote knippies mag slegs swart, bruin of donkergroen wees, effe kleur en sonder versiering en dieselfde kleur knippies moet in die hare gedra word op 'n slag

9.2.2.4. geen snaakse haarstyle volgens modegiere of haarverlengstukke word toegelaat nie

9.2.2.5. mag "braidings" hê (volgens kultuur), maar moet lank genoeg wees om as een poniestert, agter die kop, vasgemaak te word en moet dieselfde kleur as eie haarkleur wees

## 10. Algemene Skoolreëlings

### 10.1. Aantree en beweging in gange

10.1.1. Sodra die eerste klok aan die begin van die skooldag of na 'n pouse lui, moet die leerders dadelik by die onderskeie rye inval. Wanneer die tweede klok lui, moet leerders stil bly en stil staan. Leerders tree aan in die klasgroep se ry waarheen hy/sy die daaropvolgende periode gaan:

10.1.2. Klasgroep stap in enkelgelid en hou so ver moontlik links.

10.1.3. Leerders wag ordelik in stilte voor 'n personeellid se klaskamer. Leerders mag nie sonder toestemming die klaskamer betree nie.

10.1.4. Leerders volg die kortste roete beskikbaar na elke klas, tensy anders gereël.

10.1.5. Die skool begin in die somer om 07:15 en in die winter om 07:30. Geen laatkommery sal toegelaat word nie. Indien 'n leerder om een of ander rede laat kom, moet hy eers by die skoolhoof aanmeld. Tasse word voor skool en met die aanvang van elke pouse in die rye geplaas. Geen leerder mag die voordeur van die skool gebruik nie.

### 10.2. Afwesigheid / Siekte

10.2.1. Leerders mag nie sonder toestemming afwesig wees van 'n klas, vir 'n gedeelte van die dag of vir 'n volle skooldag nie. Indien 'n leerder wel afwesig is, moet 'n brief die volgende dag ingehandig word waarin sy/haar ouers 'n verduideliking verskaf. Afwesighede tydens toetse en eksamens kan alleenlik aanvaar word, indien 'n mediesesertifikaat ingehandig word. Waar ander redes geld (bv. begrafnisse) moet ouers, indien moontlik, vooraf met die skoolhoof skakel:

10.2.2. Wanneer 'n leerder om 'n dringende en grondige rede vir 'n gedeelte van 'n skooldag afwesig moet wees, nadat hy/sy reeds op daardie betrokke dag vir 'n gedeelte van die skooldag teenwoordig was, moet hy/sy eers die toestemming van die skoolhoof of sy gemagtigde verkry. Sonder hierdie toestemming mag geen leerder die skoolterrein gedurende die amptelike skoolure verlaat nie.

10.2.3. Wanneer 'n leerder gedurende die loop van die skooldag siek raak of beseer word, moet die betrokke leerder by die skoolhoof of sy gemagtigde aanmeld.

10.2.4. Wanneer 'n leerder deur die loop van die skooldag, om welke rede ook al, by die skool afgehaal word, moet die leerder deur sy/haar ouer/voog uitgeteken word.

10.3. **Klaskamerdissipline**

10.3.1. Leerders betree die klaskamer in stilte en neem hul onderskeie plekke in, haal hul boeke dadelik uit, wag op die groet van die onderwyser en gaan sit.

10.3.2. Klasse moet netjies en skoon gehou word (ook onder die banke).

10.3.3. Geen leerder mag van sitplek verander, sonder die toestemming van die betrokke personeellid nie.

10.3.4. Leerders moet te alle tye stil sit en stil bly en mag onder geen omstandighede 'n steurnis wees nie.

10.3.5. Wanneer 'n leerder 'n steurnis is tydens 'n les, kan hy/sy gevra word om die klas te verlaat.

10.3.6. Alle leerders het die reg op onderrig in 'n netjiese, ordelike en veilige omgewing.

10.3.7. **Leerders mag onder geen omstandighede op banke of mure krap nie** en ouers/voogde sal aanspreeklik gehou word vir die herstel daarvan.

10.3.8. Alle redelike opdragte wat personeel aan leerders opdra, moet stiptelik en noukeurig uitgevoer word.

10.3.9. Leerders word nie normaalweg toegelaat om tydens 'n les die klaskamer te verlaat nie.

10.3.10. Akademiese werk moet stiptelik op datum gehou word en daar moet deeglik vir toetse voorberei word.

10.3.11. Geen leerder mag in die klas eet of vloeistof drink nie.

10.3.12. Die hand- en skryfboeke vir elke les moet elke dag teenwoordig wees.

10.3.13. Die hand- en skryfboeke moet op die voorgeskrewe manier oorgetrek word.

10.3.14. Wanneer 'n personeellid of 'n ander volwassene tydens 'n periode die klaskamer binnekom, moet die leerders opstaan en wag op toestemming om te gaan sit.

10.4. **Voorbereiding en tuiswerk**

Leerders moet ten volle voorbereid na elke les toe kom. (Handboeke, skryfboeke, skryftoerusting, ens.):

10.4.1. Tuiswerk word deurlopend bepunt. Dit moet dus te alle tye deeglik, netjies en volledig gedoen word.

10.4.2. Indien 'n leerder weens siekte afwesig is op 'n dag waarop 'n toets geskryf word, moet 'n mediese sertifikaat ingehandig word, anders word 'n "nul" vir die toets toegeken, tensy daar vooraf met die skoolhoof gereël is.

10.5. **Gedragskode Algemeen**

10.5.1. Voor skool, gedurende pouses of na skool, mag geen leerder sonder toestemming in 'n klaskamer, die saal, die omgewing van die busse of die voorportaal van die skool wees nie of die hoofingang gebruik nie. Leerders mag slegs op die voorgeskrewe dele van die skoolgrond teenwoordig wees.

10.5.2. Leerders word nie toegelaat om sonder toestemming enige voertuig of motorfietse op die skoolterrein te parkeer of te bestuur nie. Leerders met rybewyse, wat met voertuie of motorfietse na die skool toe kom, moet vooraf met die skoolhoof 'n reëling tref oor die parkering van die voertuig/motorfiets.

10.5.3. Verlore goedere wat opgetel word, moet dadelik by die kantoor ingehandig word.

10.5.4. Geen afknouery, bakleiery of ontgroening word toegelaat nie.

10.5.5. Geen gevaarlike speletjies mag gespeel word nie.

10.5.6. Die kleedkamers is nie 'n kuierplek of speelplek waar leerders versamel en verwyl nie. Dit moet altyd netjies gelaat word en die privaatheid van medeleerders moet gerespekteer word.

10.5.7. Geen fisiese kontak bv. hande vashou en hand om die lyf staan of loop, word tussen leerders toegelaat, terwyl hulle in skooldrag geklee is nie.

10.5.8. Leerders word nie toegelaat om hand in die sak te staan of te stap nie.

10.5.9. Geen kentekens of geskryf word op die liggaam van leerders toegelaat nie.

10.5.10. Geen kougom mag in skool- of sportdrag gekou word nie.

10.5.11. Papiere en blikkies moet altyd in vullisblikke gegooi word. Blomme, bome en struike mag nie beskadig word nie.

10.5.12. Leerders mag nie met brandblussers en elektriese skakelborde peuter nie.

10.5.13. Die personeel- en afrolkamer is te alle tye verbode terrein vir leerders.

10.5.14. Geen onaanvaarbare taalgebruik word toegelaat nie.

10.5.15. Geen rassistiese opmerkings word toegelaat nie.

10.5.16. Toestemming vir afwykings van hare, naels of kleredrag as gevolg van geloof moet skriftelik by die kantoor verkry word. ('n Geloofsleier moet 'n brief oor die aangeleentheid, namens die leerder, indien om agtergrond en inligting te verskaf.) Elke saak sal individueel hanteer word en alle partye sal ingelig word.

10.5.17. Op dae wat 'n individu of span 'n wedstryd / proewe het (weg), mag hulle 'n volledige skoolsweetpak skool toe aantrek (sal deur betrokke personeellid hanteer word).

10.5.18. Die gebruik van waterbottels in die klas, sal net onder buitengewone omstandighede en met die toestemming van die skoolhoof toegelaat word.

Onder sekere mediese omstandighede, mag 'n leerder met die toestemming van die skoolhoof, waterbottels en dus water in die klas gebruik. Dit is egter ontoelaatbaar in die rekenaarlokale.

10.5.19. Geen leerder mag op die skoolgronde in besit wees van 'n gevaarlike wapen of pornografiese materiaal nie.

10.5.20. In geval van 'n redelike vermoede dat leerders hulself aan 'n oortreding van hierdie gedragskode of die landswette skuldig gemaak het, het die skoolhoof of 'n opvoeder die reg om sodanige leerders en/of die eiendom in hul besit vir enige gevaarlike wapens, gewere, dwelms of ander skadelike en gevaarlike middels, gesteelde goedere of pornografiese materiaal of ander items in hul besit teen die skool se gedragskode te deursoek. Sodanige leerders se menswaardigheid sal deurentyd gerespekteer word en dus sal die deursoeking privaat, deur persone van dieselfde geslag (indien benodig) en in die teenwoordigheid van nog 'n persoon, van dieselfde geslag, geskied. Die deursoekingsproses en -uitkoms sal opgeteken word.

10.5.21. Dwelmmiddels, verdowingsmiddels en alkohol: Geen verbode/onwettige middels soos sigarette, elektroniese sigarette ("vape"), hookah/okka-pype of tabak mag op die skoolterrein, tydens skoolaktiwiteite of enige plek waar 'n leerder identifiseerbaar is as 'n Hoërskool Montagu leerder gebruik word of in besit hê nie (sien ook dwelmbeleid). Verspreiding of verkoop van hierdie middels is 'n kriminele oortreding. Skooltasse moet skoon en in 'n goeie toestand wees. Dit mag slegs van die voorgeskrewe tipe wees (effekleurig met 'n tradisionele kleur van skooltasse: bruin, groen, swart, maroen of blou) met harde kante en tussenafskortings (om die handboeke te beskerm). Slegs die leerder se naam en van mag op die tas geskryf word. Die tas mag nie helder neonkleure bevat nie.

10.5.22. Alle selfone, MP3-spelers, iPod's, Tablette ens. moet voor skool vir die duur van die skooldag in die toepaslike sluitkassies toegesluit word. In uitsonderlike gevalle kan dit by ontvangs ingehandig word vir die betrokke skooldag. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir die veiligheid van enige elektroniese toerusting, ingehandig nie.

10.5.23. Die bestuur en beheer van selfone en elektroniese kommunikasie-apparate geskied volgens die selfoonbeleid.

10.5.24. Na sonsondergang en voor sonsopkoms is die skoolgronde buite perke vir leerders sonder toestemming.

10.5.25. Personeel se privaatheid moet eerbiedig word. Die privaat eiendom en wonings van personeel is buite perke vir leerders, sonder vooraf magtiging.

10.5.26. Geen aktiwiteite waarby leerders betrokke is en wat aan die skool verbind word, mag sonder vooraf magtiging van die skoolhoof of sy gedelegeerde gereël word nie.

10.5.27. Alle besoekers moet by die kantoor aanmeld. Geen leerder mag deur die loop van die skooldag besoekers ontvang, sonder dat die kantoor dit magtig nie.

10.5.28. Geen leerder mag as voorwaarde vir opname in enige binne- of buitemuurse aktiwiteit, sportspan of organisasie van die skool vrywillig deelneem of onderwerp word aan enige vorm van ontgroening of inisiasie wat volgens *Die Handves van Menseregte* as vernederend, degraderend, intimiderend, gevaarlik of as 'n skending van menswaardigheid beskou kan word nie.

10.5.29. Geen opvoeder of leerder mag enige optrede of praktyk toelaat of aan deelneem wat ontgroening behels nie (soos bo omskryf).

10.5.30. Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

## 11. Dissiplinêre Stelsel

Die doel van dissipline en tug is om op te voed deur waardes soos verdraagsaamheid, respek en selfdissipline by leerders aan te kweek. Elke situasie word daarom op meriete gehanteer en word hulpgewing eerder as veroordeling vooropgestel. Die toepassing van tug geskied, nadat skuld bo alle twyfel vasgestel is.

Oortredings word in vyf verskillende vlakke verdeel volgens die graad van ernstigheid van die oortreding.

### 11.1. **Vlak 1: Wangedrag binne die klaskamer**

Minder ernstige oortredings soos byvoorbeeld:
Laat kom in die klas; onvoltooide of slordige werk; slordige voorkoms; oneerlikheid; versuim om te werk of samewerking te gee of om te versuim om redelike opdragte uit te voer.

#### 11.1.1. **Hantering van Vlak 1-oortredings (word deur vakonderwyser hanteer)**

11.1.1.1. Aantekening op Staffroom as gedragsoortreding
11.1.1.2. Verbale waarskuwing
11.1.1.3. Gemeenskapsdiens (bv. skoonmaak van klas of banke)
11.1.1.4. Penalisasie van kwartaal- / jaarpunt
11.1.1.5. Addisionele werk
11.1.1.6. Ontneming van voorregte: bv. Pouses
11.1.1.7. Strafsanksies kan 'n kombinasie van strawwe insluit

### 11.2. **Vlak 2: Oortreding van skoolreëls**

'n Herhaling van vlak 1-oortreding; in besit van of gebruik van sigarette, elektroniese sigarette ("vape"), hookah/okka-pype of tabak; skoolgronde verlaat sonder toestemming; onaanvaarbare taalgebruik; ontwrigting van onderrig in klaskamer;

oneerlikheid in toetse en take; disrespek vir ander leerlinge en skoolreëls en uitdaging van gesag.

11.2.1. **Hantering van Vlak 2-oortredings**

11.2.1.1. (word deur die skoolhoof of sy gemagtigde hanteer)
11.2.1.2. Enige van bogenoemde stappe
11.2.1.3. Ouerkontak deur fasehoof
11.2.1.4. Dissiplinêre gesprek met leerder en geskrewe waarskuwing
11.2.1.5. Geskrewe onderneming van leerder om te verbeter
11.2.1.6. Leerder se kontrolekaart wat elke dag deur alle betrokke onderwysers geteken word
11.2.1.7. Gemeenskapsdiens in en om skoolgebou
11.2.1.8. Weerhouding van voorregte (soos pouse, uitstappies en sosiale aktiwiteite)
11.2.1.9. Strafsanksies kan 'n kombinasie van strawwe insluit

11.3. **Vlak 3: Oortreding van Skoolreëls**

Ernstige oortredings soos byvoorbeeld:
Herhaling van vlak 1-en of vlak 2 oortredings; fisiese geweld met ligte gevolge; ernstig steurend in klasse; vervalsing van handtekeninge; rassisme; in besit van pornografiese materiaal; in besit van 'n gevaarlike wapen; diefstal; vandalisme; oneerlikheid tydens 'n eksamen.

11.3.1. **Hantering van Vlak 3-oortredings (word deur die Skoolbestuurspan hanteer)**

11.3.1.1. Enige van bogenoemde stappe
11.3.1.2. Dissiplinêre verhoor met die oog op skorsing
11.3.1.3. Verwysing na gespesialiseerde hulp
11.3.1.4. Gemeenskapsdiens
11.3.1.5. Strafsanksies kan 'n kombinasie van strawwe insluit

11.4. **Vlak 4: Oortreding van Skoolreëls**

Baie ernstige oortredings soos byvoorbeeld:
Herhaling van vlak 1- en of vlak 2- en of vlak 3 oortredings; 'n gevaarlike wapen gebruik om mee te dreig; 'n persoon opsetlik beseer; die lewe van 'n persoon verbaal bedreig; seksuele wangedrag soos betasting; in besit of onder die invloed van dwelmmiddels, verdowingsmiddels of alkohol; ontwrigting van die skool; vervalsing van dokumente, verbale of fisiese aggressie teenoor personeel.

11.4.1. **Hantering van vlak 4-oortredings**

11.4.1.1. (word deur die SBL dissiplinêre komitee hanteer)

11.4.1.2. Enige van bogenoemde strawwe
11.4.1.3. Verwysing vir gespesialiseerde hulp
11.4.1.4. Dissiplinêre verhoor met die oog op uitsetting
11.4.1.5. Strafsanksies kan 'n kombinasie van strawwe insluit

11.5. **Vlak 5: Kriminele oortredings**

Herhaling van 'n vlak 4-oortredings; aanranding; gebruik van 'n gevaarlike wapen; roof; diefstal; inbraak; saakbeskadiging; vandalisme; seksuele wangedrag, in besit of onder die invloed van dwelms.

11.5.1. **Hantering van vlak 5-oortredings**

11.5.1.1. (word deur die skoolhoof en SBL (beheerliggaam) in oorleg met die WKOD gehanteer)
11.5.1.2. Aansoek by WKOD om uitsetting uit die skool of plasing in 'n ander skool
11.5.1.3. Die reg sy gang laat gaan soos in die geval van kriminele oortreding

## 12. SLOTOPMERKING

- ✓ Hierdie skool glo in 'n waardegedrewe omgewing wat gebaseer is op wedersydse respek en diens aan die medemens. Onvanpaste gedrag soos diefstal, vuil taal, geweld, oneerlikheid, ens. hoort dus nie hier nie.
- ✓ Alle ingeskrewe leerders van hierdie skool dra te alle tye hierdie skool se beeld uit. Leerders se optrede en gedrag, selfs in hul privaat hoedanigheid, moet dus ook hiervan getuig – selfs al is hulle nie in skooldrag geklee nie.
- ✓ Die verwagting is dat ouers leerders sal ondersteun om hierdie gedragskode na te kom en uit te bou, deurlopend met die skool in verbinding te bly en die skool te voorsien van die **korrekte selfoonnommer**, sodat wedersydse kontak kan plaasvind.

Hierdie beleid is aanvaar op 'n vergadering van die beheerliggaam van die H/S Montagu te Montagu op **~~20 MEI~~ 2024.**
05 AUG.

VOORSITSTER: Mev. M. Dettbarn

SEKRETARESSE: Mev. J. Beukes

**H/S MONTAGU** POSBUS 85 MONTAGU 6720 TEL: 023-6141390
EPOS: mhsadmin@barvallei.co.za WEB: www.hsmontagu.com

# Ooreenkoms:

## Aanvaarding Van Gedragskode Vir Leerders Van HOËRSKOOL MONTAGU

LEERDER NAAM EN VAN:_______________________________________ GRAAD:______

Hiermee verklaar ek dat ek vertroud is met die inhoud van Hoërskool Montagu se Gedragskode soos hierbo uiteengesit.
Ek verbind my plegtig tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, en ek onderneem om die reg en die regstelsel te respekteer, te onderhou en te bevorder.

Ek verbind my daartoe om:

1. tydens skool en skoolaktiwiteite geen gevaarlike voorwerpe skool toe te bring nie en enige oortreding daarvan dadelik aan te meld;
2. terwyl ek 'n leerder van Hoërskool Montagu is geen bedwelmde middels (bv. dagga) te gebruik, te versprei of in besit sal hê nie. Ek sal verder enige inligting in die verband dadelik aanmeld in 'n poging om my mede-leerders te help en te beskerm;
3. geen verbode/onwettige middel soos sigarette, elektroniese sigarette ("vape"), hookah-pype of tabak op die skoolterrein of enige plek waar ek identifiseerbaar is as 'n Hoërskool Montagu leerder te rook, gebruik, in te asem of in my besit sal hê nie;
4. die grond, geboue en toerusting te help beskerm en enige vorm van vandalisme dadelik sal aanmeld;
5. nooit onder die invloed van alkohol skoolaktiwiteite sal bywoon nie of alkohol sal gebruik tydens skoolaktiwiteite nie;
6. die waardes van die skool ten alle tye uit te leef;
7. hierdie gedragskode en al die reëls en regulasies van Hoërskool Montagu getrou na te kom;
8. hoë morele en etiese standaarde te handhaaf;
9. daarna te streef dat my optrede altyd verantwoordelik en ter bevordering van die skool se goeie naam sal wees;
10. my skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding te doen; en
11. die nodige hoflikheid en respek teenoor alle personeel, medeleerders en besoekers te betoon.

Ek onderwerp my aan enige dissiplinêre maatreël, indien ek sou versuim om enige bepaling of maatreël in die skool se gedragskode na te kom.

AANVAARDING DEUR BEHEERLIGGAAM:

GETEKEN TE Montagu OP HIERDIE 5 DAG VAN Augustus 2024.

VOORSITSTER: Mev. M. Dettbarn

SEKRETARESSE: Mev. J. Beukes